Resensie

Klinkklaar deur Daniel Hugo

Alwyn Roux

Die digter Daniel Hugo se jongste digbundel, *Klinkklaar* (2021), het onlangs by Protea Boekhuis verskyn. Sy eerste verse verskyn in *Brekfis met vier* (1981), saam met drie ander digters; hy debuteer ook in daardie jaar met *Saad uit die septer*, onder die pseudoniem Daan van der Merwe. Tesame met *Tuin van digters* (2020), 'n bloemlesing uit eie werk, is *Klinkklaar* Hugo se sewentiende digbundel.

Die titel laat wonder of hierdie bundel 'n einde vir Hugo se digkuns aankondig. Die *WAT* beskryf "klinkklaar" dat iets "volledig heeltemal *klaar*" is. In "Kennisgewing" (87) deel die digterspreker mee: "ek het nou genoeg ryme verslyt / in die klinkende munt van die taal: / die voorraad is byna uitgeput". Die woord "byna" benadruk dat sy woordvoorraad nog nie uitgeput is nie. Eweneens in "Sterfbed" (88), vraend: "sal ek op my doodsbark nog / na woorde hyg en hort / voor die eindrym my asem / klinkerklaar kom opskort?" Let op die woordspeling in "klinkerklaar" – klaarblyklik is Hugo nog nie kant en klaar nie!

'n Ander "klinkklaar"-betekenis in die WAT is "suiwer, onvermeng m.b.t. metale, wat, omdat hulle só is, klink, 'n helder klank gee", wat soos volg in die titelgedig (14) figureer: "in die smeltkroes / van jou liefde // is ek gepuur / en opnuut gegiet // tot 'n klinkende / metaal". Hierin gaan die digterspreker deur 'n louteringsproses om suiwer te kan dig wat versterk word in die herhaling van die "uu"- en "ie"-klanke. Dié klinkende gegote vers sluit klankmatig by die opdragvers ("vir Marlene") ter inleiding van die bundel aan: "woorde kan soos kleingeld in 'n broeksak / klingel totdat 'n vuis hul vasvat: / die vers wat soos 'n beursie toeklik" (5).

Dit is nie net die verse wat toeklik asof kleingeld in 'n beursie nie, maar ook die bundel met sy ses onderskeie bundelafdelings, naamlik "Lae Lande", "Liefde", "Lente", "Lamento", "Lugtig" en "Klinkklaar". Elke afdeling se verse korrespondeer met daardie afdelingtitel, wat insgelyks terugspeel na die bundeltitel.

In afdeling een, "Lae Lande", vind die leser veelvlakkige gewaarwordinge van die digterlike "ek" in "Amsterdam" (8-10) en "Gent" (12), wat wissel tussen sensories en nadenkend. Mooi vertaalde kwatryne van Jacob Israel de Haan (11) maak ook deel uit van dié afdeling.

In afdeling twee, "Liefde", word die beminde "jy" telkens in verhouding tot die digterlike "ek" geplaas. Dié verhouding word met betrekking tot die seisoene, weerpatrone en die kosmos uitgewerk. In "Meteorologies" (19) maak die digter byvoorbeeld van 'n uitgebreide metafoor gebruik, beginnende met "ons is twee

wolke in die hemelruim", wat "mettertyd" "[uitsak] in reën" en daarna "weer stof [word]".

Afdeling drie, "Lente", is vol mooi beelde – vergelyk die gelyknamige gedig (26): "die eikeboom is 'n klooster / met heeldag die dreungesang van bye // monnike wat neuriënd werk / in die biblioteek van die tye". 'n Elegiese gedig opgedra aan die digteres Gisela Ullyatt, getiteld "Duif" (28) betreur haar vroeë heengaan: "ongeaard is almal wat vlerke dra / en wegsweef omdat die lugruim hemel is". "Herfs, Prins Albert" (36) impliseer egter die wisseling van seisoene, wat reeds in "Kunsklas" (32) voorspel word soos die Skepper "minder uitbundig" skilder "wanneer Hy gedempter tinte verf"; die rede hiervoor: "dit moet gemoedere kalmeer / oor alles wat in die winter sterf".

Asof 'n requiem, heet afdeling vier "Lamento". In "Lied vir haar uitvaart" (38) herinner die spreker hom "die soetste ding", dit is, toe sy ma vir hom as jongeling "die bootjie na kammaland" sou sing; die hede word egter met die verlede gekontrasteer: "nou moet ek, wat nooit die noot kon hou, haar / begelei op hierdie vaart // [...] verbeel my ek's stuurman / in 'n bootjie op papier". Briljante vertalings word ook in hierdie afdeling opgeneem, van onder andere Dylan Thomas en Emily Dickinson. Te verwagte word 'n aantal Covid-19-verse ook in hierdie afdeling opgeneem.

In afdeling vyf, "Lugtig", kom 'n hele paar speelse verse aan bod, oor vlieë en muskiete à la Keet. Hierdie verse is in ligte luim, kenmerkend van die vernufpoësie, wat ook die onderwerp van Hugo se doktorale proefskrif was.

Heel gepas heet die laaste afdeling "Klinkklaar" wat meestal handel oor gedigskryf. In "Karootuin ná die reën" (74) word "bye en brommers" as "twee / soorte digters" gepersonifieer "wat uit- / bundig die aarde besing // tot lof van die tuinier / en die hond". In "Pindaros predikpraat hier / (_ ../_../ _)" (76) lewer die spreker (Pindaros) 'n lesing oor die klassieke metriek: "leer hierdie daktilo-epiriet / van my: tam ta ta / tam ta ta / tam / só klink die ware dringende lied".

Klinkklaar is 'n afgeronde bundel en is keurig uitgegee. 'n Stillewe van Diane Mclean, "Karoo still life II", pryk op die voorblad. Hugo skryf soos voorheen goedgestruktureerde verse. Tog sal dit nie in iedereen se smaak val nie. Dit is af te lei na aanleiding van "Poëtika" (78), waarin die spreker die verlange uitspreek "na 'n vervloë tyd / van deftig verboë taalgebruik", met die rymende slotkoeplet as doodsteek: "moderne Afrikaans is te lig / vir 'n ou wat gedrae wil dig".

Hierin is 'n interessante polarisering te merk, van 'n ouer generasie digters wat bestek opneem, teenoor 'n jonger generasie wat dié verlange op alle fronte uitdaag.[1]

Universiteit van Suid-Afrika

1. Gepubliseer met die vriendelike vergunning van *Netwerk24*.